

Maak Jou Eie Kerse.

Kersmakery

Dink jy daaraan om 'n nuwe stokperdjie te begin?

Kersmakery is 'n vir verdienste. Solank jy vol innoverende en buitengewone idees is, is daar geen perke aan wat jy kan skep nie. Kersmakery sal jou ook die geleentheid gee om uitsonderlike en onvergeetlike geskenke vir familie en vriende te maak om nog vir 'n lang tyd te bewaar.

Laat daar lig wees ...

In die geskiedenis is kerse vir verskeie doeleindes gebruik. Die aanvanklike funksie van die kers was natuurlik om lig te gee, maar kerse het ook deur die eeue 'n baie belangrike rol gespeel in godsdiens en spiritualiteit en, selfs vandag nog, kan 'n mens steeds plekke van aanbidding vind waar daar baie kerse is. Deesdae word kerse hoofsaaklik gebruik vir versiering of vir uitstallingsdoeleindes, en die gewildheid van hierdie neiging groei teen 'n spoedige tempo.

Die oorsprong ...

Kerse is oorspronklik gemaak deur 'n pit in varkvet te doop, maar die slegte reuk van die varkvet was uiters afstootlik. Dit het gelei tot die maak van byewas-kerse, wat 'n skoon en aangename reuk vrystel wanneer die kers brand. Die byewas-kerse was baie duurder as die varkvet-kerse en was dus hoofsaaklik vir die rykes beskore. Ten spyte van die vordering van varkvet na paraffien- (was-) kerse, verkies baie mense steeds byewas-kerse, weens die skoon reuk, die feit dat hulle lank brand en hul hoë gehalte.

Om af te spring ...

Afhangende van watter tipe kers jy gaan maak, kan die stappe verskil. Omdat daar soveel verskillende soorte kerse is en soveel verskillende kersmaaktegnieke, sal jy 'n bietjie moet rondspeel en eksperimenteer, voordat jy besluit oor die metode of produkte wat jy verkies. Die basiese kersmaak proses is baie eenvoudig en maklik om te leer. Dit behels gewoonlik die smelt van was oor 'n hitte bron en die uitgooi van die was in 'n gietvorm of houër met die pit op sy plek.

Daar is verskeie variasies wat 'n mens dan kan volg om oorspronklike kerse te skep. Hierdie variasies sluit in prosesse soos: die toevoeging van kleur by die kers deur kleursel of pigmente te gebruik; die byvoeging van geure soos olies of sintetiese geure tot die wasmengsel; die skepping van verskillende teksture met behulp van verskeie metodes, soos om was oor die kers te gooi of dit te doop; items in die kers vas te stol vir 'n uitsonderlike voorkoms, en verskillende ontwerpe buite-op die kers te plaas deur appliekwerk te doen of gebruik te maak van stensils of stempels.

Gereedskap ...

Algemene items wat jy gaan nodig kry om met kersmakery te begin is: 'n pot om die was in te smelt, 'n termometer en 'n skink-pot. Die materiale wat jy benodig vir die kers is: was (daar is verskeie tipes beskikbaar), waskleursel, pitte, geur-olies, en gietvorms of houers. Hou altyd die was wat oorbly – dit kan gebruik word vir jou volgende projek.

Veiligheidswenke ...

Kersmakery kan regtig baie pret wees, maar dit kan ook baie gevaarlik wees as jy agterlosig is. Probeer soveel kennis as moontlik oor veiligheidsmaatreëls tydens kersmakery op te doen soos, onder ander, die ontvlambaarheid van die produkte wat jy gebruik.

Gesmelte was is verskriklik warm en kan baie ernstige brandwonde veroorsaak. Jy moet te alle tye uiters versigtig wees en nooit gesmelte was alleen los nie, veral as daar klein kindertjies in die omgewing is wat per ongeluk 'N pot warm was mag omstamp, en altyd die bestanddele wegsluit na gebruik.

Baie brande is al veroorsaak deur die roekelose hantering van kerse – wees op en wakker en voorbereid op noodsituasies. As die was aan die brand steek, sal jy moet weet hoe om 'n brandblusser te gebruik en hoe om die vlamme te smoor wanneer water nie werk nie, soos wat dikwels die geval is met was.

Sommige bestanddele wat in die kersmaakproses gebruik word, kan ook kleiner probleme veroorsaak soos vel irritasies, so leer hoe om die produkte verstandig te hanteer deur, byvoorbeeld, beskermende klere te dra (oondhandskoene, 'n voorskoot, en klere wat jou arms en bene beskerm soos langmouhemde, langbroeke en toe skoene) wanneer jy met warm was of ander bestanddele werk. En onthou om altyd in 'n goed geventileerde area te werk.

Hoe meer jy oefen, hoe beter raak jy ...

Alhoewel baie mense dit die eerste keer regkry, kan jy verwag om 'n paar eksperimentele kerse te maak voordat jy perfekte resultate verkry. Beginners raak dikwels maklik mismoedig wanneer hul eerste kerse nie uitdraai soos wat hulle verwag het nie, maar daar is 'n eenvoudige manier om daaraan te werk om dit reg te kry. Hou tred met die metodes wat jy toepas, die prosesse wat jy volg, en die bestanddele wat jy vir elke lieve kers gebruik. Hierdie inligting moet besonderhede insluit, soos die hoeveelheid van elke produk wat jy gebruik het, op watter stadium van die proses die produk bygevoeg is, en aantekeninge van gebreke soos krake, lugborrels en verkleuring van die finale produk. Terwyl jy eksperimenteer en daaraan werk om jou skeppings te vervolmaak, kan jy begin deur klein hoeveelhede wasmengsel te maak – dit sal verhoed dat jy was mors en sal jou geld bespaar op die lang duur.

Wanneer jy besluit om jou meesterstukke te begin verkoop, moet jy in gedagte hou dat mense nie noodwendig hou waarvan jy hou nie. Vra jou vriende en familie vir idees oor watter soort kerse hulle van hou, en gebruik die terugvoer om 'n verskeidenheid kerse te skep om almal se persoonlike smaak te pas.

Meeste handwerk- en stokperdjie-winkels verkoop kersmaak-gereedskapstelle vir beginners, wat als bevat wat jy nodig het om jou eerste kers te maak, insluitend instruksies. So, as jy dink dit kan vir jou 'n genotvolle stokperdjie wees, koop daardie gereedskapstel en kom vandag aan die gang!